

JAARVERSLAG 2014: OPLEIDING EN KURSUSSE

Frikkie Combrink

Gedurende die jaar het, was daar verskeie geleenthede vir verdere opleiding, asook slegs verryking van kennis d.m.v. kursusse. Dit was reeds versoek tydens die AJV 2012 en is dan ook in 2013 en 2014 so geïmplementeer. Die Raad het die kursusse deeglik beplan en daar is besluit dat kort kursusse 'n beter opsie is om te oorweeg aangesien die kostes daaraan verbonde minder is vir die wat naby bly. Die kursusse se liggings was dan ook wyd deur die land versprei. Vir die aanbieding van kursusse wat lei tot beoordelaarskwalifikasies, is toestemming by die Beoordelaarsvereniging verkry op voorwaarde dat Skou Etiket deel moes uitmaak van elke kursus se inhoud. Eksamens is ook in die verband afgelê. Die volgende kursusse het plaasgevind:

1. Februarie 2014: Keuring- en keurders opknappingskursus, Edenville – Lomon Terreblanche; Dirk Odendaal; Johannes Langenhoven.
2. Maart 2014: Bouvorm, skou-etiket & administrasie – Frikkie Combrink & Theunis Pretorius: Namibiese SA Boerperd Klub.
3. April 2014: Skou van in-hand klasse – Leon Botha, Hoëveld SA Boerperd Klub;
4. Junie Natal : 3 & 5 gang Skou Etiket – Piet Uys
5. Kaap het uitstel gevra vir 2014
6. Vrystaat se aanbieding sou plaasvind Julie maar klub het dit afgestel.
7. Augustus 2014: Bosberaad vir SA Boerperd Beoordelaars, Parys.

Die meeste van die uitkomste en aanbevelings wat die gevolg was van die kursusse is reeds in die Nuusbrieve aan lede deurgegee. Baie dankie aan ons klubs wat dan ook onder ander die aanbieders was vir hierdie opleidingskursusse.

KEURING & KEURDERS

Na aanleiding van bogenoemde kursusse, is 6 nuwe keurders in 2014 aangestel, naamlik:

- Sarita Meiring
- Frikkie Combrink
- Pieter Terreblanche
- Elmarie Davel
- Nic Jooste
- Frans Burger.

SA BOERPERD TELERSGENOTSKAP: NAMIBIË KLUB

Na vele onderhandelinge, is 'n SA Boerperd Telersgenootskap klub ook in Namibië gestig onder leiding van Callie Swanepoel. Tydens dieselfde geleentheid is daar ook perde gekeur en gebrand, asook opleidingskursusse gegee. Ons sien uit daarna om te sien hoe die SA Boerperd dan ook daar sy plek gaan vol staan.

DAGBESTUUR

Daar is vele besluite geneem in 2014 wat deur Me. Pope op datum gehou word.

Dit was vir my as Vise president n voorreg om saam met Piet Grové die leiding te on neem in die bestuur van die SA Boerperd Telersgenootskap. Menslike hulbronnebestuur en deursigtige deelnemende bestuur is beslis van sy sterkste eienskappe en onder sy leiding kon ons dan ook nuwe horisonne ondersoek.